the Soviet Union is moving away from state control to a freer social order. Will these two movements converge, or will they fight each other to the death?

**Brig DS Hamman**

*Militêre Geneeskunde in Suid-Afrika (1913–1983).* Militêre Informasieburo, 1983, 119 pp.

In hierdie omvattende werk word die geskiedenis van die eerste sewentig jaar van militêre geneeskunde in Suid-Afrika opgeteken en word dit toegelig deur interessante foto's uit die argiewe.

Hierdie boek vorm deel van 'n reeks publikasies van die Militêre Informasieburo wat handel oor die militêre geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermag, sy eenhede en korpse. Die belangrike rol wat die reeks in die Suid-Afrikaanse Weermag vervul, word beklemtoon deur die feit dat daar by lede van eenhede 'n trots vir hul tradisies en prestasies deur kennis van die verlede gekweek word.

Dié werk is in Afrikaans geskryf en die taalgebruik is vloeiend, korrek en verstaanbaar. Dit is boeiend aangebied alhoewel die leser toegegooi word onder 'n magdom van feite, wat net 'n bewys is van deeglike navorsing. Medewerkers aan MILITÊRE GENEESKUNDE IN SUID-AFRIKA (1913–1983) was genl-maj DP Knobel, kmdt CJ Nöthling, maj AE van Jaarsveldt, kapt AM Adlam, kapt TAP du Plessis, kapt ES Smith, kapt NJ van der Hoogt, lt JAJ Jordaan en Louise Brits.

Die boek belig ook 'n interessante fasset van die SAW se Geneeskundige Diens naamlik hul uitsonderlike betrokkenheid by veldtogte in die buiteland. Die betrokkenheid van die Geneeskundige Diens in die Eerste Wêreldoorlog word bespreek en daar word onder andere gekyk na hul deelname in veldtogte in Suidwes, Oos-Afrika en in Europa. So ook kom die Tweede Wêreldoorlog aan die beurt en hul betrokkenheid in lande soos Oos-Afrika, Abessinië, Italië en Madagaskar word bespreek.

Daar is ook 'n hoofstuk oor die uniform, kentekens en vaandel van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens, sowel as 'n baie interessante hoofstuk oor die groei en ontwikkeling van die SAGD.

Die Geneesheer-Generaal, lt-genl NJ Niewoudt sê in die voorwoord tot die boek dat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens se getalle al hoe meer toeneem wat gepaard gaan met die daarstelling van nuwe formasies, eenhede, basisse en geboue. Hierdie toename dreig nou om die bydrae van die vroeëre bouers – hul kennis en rol in die ontwikkeling van die Geneeskundige Diens – verlore te laat gaan. 'Hierdie boek verseker nou dat dit nie sal gebeur nie en dat die ontstaan en verlede van ons Diens vir die nageslag behoue sal bly.'

MILITÊRE GENEESKUNDE IN SUID-AFRIKA (1913–1983) bevat 'n register, terwyl die persoons- en plekname geskei word. Hierdie boek is 'n baie volledige studie wat van groot waarde vir die historikus kan wees.

**Wrn Frans Swart**
**BA (Kommunikasiekunde) (SA)**